# Kom ons praat Kerk:

# Waarom het jy ‘n Kerk familie nodig?

**Louis Du Piesanie 7/04/2019**

## 1. WAT IS ‘N KERK?

**1.1.** ‘n Kerk is nie ‘n gebou of ‘n instelling nie, ‘n kerk is ‘n geestelike familie waaraan jy behoort.

**1.2.** 'n KERK is 'n groep gedoopte gelowiges wat bymekaar kom in 'n verbintenis om mekaar te help om God se vyf doelwitte vir hul lewens te vervul."

**Handelinge 2:41-42, 46 (AFR 83) “ Dié wat sy <u>woorde aangeneem</u> het, is <u>gedoop</u>, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges <u>gevoeg</u>. Hulle het hulle <u>heelhartig toegelê</u> op die leer van die apostels en die <u>onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd</u> en die <u>gebede.</u> Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, <u>van huis tot huis</u> die <u>gemeenskaplike maaltyd</u> gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet.”**

## 2. WAAROM IS DIE KERK DIE BELANGRIKSTE GROEP MENSE OP AARDE?

**2.1.** Die Kerk is God se familie.

**1 Peter 1:3 “God has given us the privilege of being born again so that we are now <u>MEMBERS of GOD'S OWN FAMILY</u>."**

**1 Timoteus 3:15 (AFR83) “…die <u>huisgesin van God</u>, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.”**

**2.2.** Die Kerk is die rede hoekom God die heelal gemaak het.

**Efesiërs 1:4 (AFR83) “So het Hy, <u>nog voordat die wêreld geskep is</u>, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.”**

**Efesiërs 1:5 (NLV) “Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as sy <u>kinders aan te neem</u>. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê.”**

**2.3.** Die Kerk is God se agent op aarde.

**Efesiërs 3:10 -11 (NLV) “Die doel hiermee is om nou <u>deur die kerk</u> vir al die bose hemelse regeerders en maghebbers te wys hoe allesomvattend die wysheid van God 11 se <u>ewige plan</u> is, dié plan wat Hy deur Christus Jesus ons Here tot uitvoer bring.”**

**Ephesians 3:10 (MSG) "Through Christians like yourselves gathered in churches, this extraordinary plan of God is becoming known and talked about even among the angels!"**

**2.4.** Jesus het vir Sy Kerk dood gegaan.

**Ephesians 5:25, 27 (NCV) "Christ loved the church and gave Himself for it... he died so that he could give the church to Himself like a bride in all her beauty. he died so that the church could be pure and without fault..."**

**2.5.** Net die Kerk sal verewig staan.

**Efesiërs 3:21 (AFR83) "aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."**

**1 Tessalonisense 4:17 (AFR83) "---En so sal ons altyd by die Here wees."**

**2.6.** Net die Kerk gaan oorwinnaars teen die vyand wees

**Matteus 16:18 (AFR83) "---op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."**

**2.7.** Slegs die Kerk is groot genoeg om die wêreld se probleme op te los.

**Efesiërs 3:20 (AFR83) "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink."**

**2.8.** Om aan God se Kerk te behoort is 'n voorreg.

**1 Peter 1:3 (TLB) "God has given us the privilege of being born again so that we are now members of God's own family."**

**1 Korintiërs 3:16 (NLV) "16 Besef julle nie dat julle almal saam die tempel van God uitmaak en dat die Gees van God in julle as sy tempel woon nie?"**

## Gesprek Gids

## Waarom het jy 'n Kerk familie nodig?

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Hoekom gaan JY kerk toe?
2. Ondervind jy kerk as 'n gebou of instelling, of voel kerk werklik vir jou soos 'n geestelike familie?
3. Dink jy dat dit belangrik is om deel te wees van 'n geestelike familie? As jou antwoord ja is, hoekom is dit vir jou belangrik?

4. Voel dit vir jou soos ‘n voorreg om deel te wees van ‘n kerk of het dit net nog iets geraak wat jy doen?